In recognition of their contribution to the Old Mutual Group, and to recognise the imprtance of their role in the future, qualifying employees will each be allocated 300 free shares upon demutualisation. Qualifying employees exclude, among others, the directors of the Society and the Chief Actuary.

The total number of free shares allocated to qualifying employees will be approximately 0,5% of the total number of shares allocated to qualifying members.

Shares allocated to the Old Mutual Foundations

Shares will also be allocated to Old Mutual Foundations established in Bermuda, Malawi, Namibia, South Africa and Zimbabwe. These shares will equate to approximately 3% of free shares allocated to qualifying members.

These Foundations will be responsible for Old Mutual's donations and social responsibility programme for their area. In addition, the Foundations will pay, in those territories where it is applicable, the demutualisation levy by selling some of the shares allocated to them. Members should therefore not have to pay for the levy directly.

Costs of demutualisation

The estimated cost of demutualisation and listing is R700 million, which represents approximately R0,23 per share. In addition, Old Mutual will incur costs related to shares sold on behalf of qualifying memeber at the time of listing. The costs of demutualisation and listing are considered reasonable compared with the benefits members receive.

Approvals needed

The proposal needs to be approved by at least 75% of the votes cast by the members, and by the High Court of South Africa, before demutualisation can be implemented. In addition, the transfer of businesses must be approved respectively by the court in Bermuda, by the Registrar of Insurance in Namibia and by the Ministers of Finance in Malawi and Zimbabwe, for the proposal to be effected in the relevant territory.

Approvals will also be sought from the Director of Insurance in Guernsey and the Commissioner of Insurance in Hong Kong.

The Board's recommendation

The Board of Old Mutual believes that the proposal to demutualise is in the best interests of Old Mutual and its members.

The Board therefore unanimously recommends that members vote "Yes" to the proposal.

Special General Meeting and voting

A Special General Meeting (SGM) will be held in Cape Town on Thursday 11 March 1999, to seek members' approval of the proposal to demutualise.

Most members are expected to vote by appointing the Chairman as a representative (proxy) to vote on their behalf and as directed by them, by completing, signing and posting their behalf and as directed by them, by completing, signing and posting their Voting Form, to reach Old Mutual by 3 March 1999.

Members who wish to vote in person should attend the SGM. In this case, they are requested to call the Demutualisation Information Centre to reserve a seat.

Non-qualifying members

Members not qualifying for a free share allocation are invited to call the Demutualisation Information Centre should they wish to receive a copy of the Demutualisation Proposal and a Voting Form.

Documents available for inspection

Copies of the following documents are available for inspection until ten days before the High Court hearing in South Africa: the scheme documents for the demutualisation; the comprehensive report of the Chief Actuary; the comprehensive report of the Indepent Actuary; published and supplementary financial information; report by Tillinghast-Towers Perrin on the pro forma embedded value of the Old Mutual Group; letter from Merrill Lynch International on the valuation of Old Mutual plc shares; Independent Accountants' report to Old Mutual plc; Memorandum and Articles of Association of Old Mutual plc and the life assurance companies.

Member shouls call the Demutualisation Information Centre for details about where these documents can be reviewed.

Timetable

The planned timetable for demutualisation and listing is:

Deadline for the receipt of Voting Forms: 3 March 1999.

Special General Meeting: 11 March 1999.

High Court hearing (South Africa): March/April 1999.

Planned listing: Mid-1999, subject to market conditions.

Demutualisation Information Centre

Individuals: 0800 60 9000

Organisations: 0800 00 1313

International: +27.21.504 8107

Monday to Friday: 7 a.m.–8 p.m.

Saturday: 8 a.m.–1 p.m.

Advertiser and Address: South African Mutual Life Assurance Society, Mutualpark, Jan Smuts Drive, Pinelands, 7405, Republic of South Africa.

Date and Tel. No.: January 1999 (021) 509-2412.

Date of Publication: Publish in Government Gazette on 05.02.99.

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP (OU MUTUAL)

BELANGRIKE KENNISGEWING VIR POLISHOUERS

VOORSTEL OM TE DEMUTUALISEER

Kennisgewing van Buitengewone Algemene Vergadering

Kennis geskied hiermee dat 'n Buitengewone Algemene Vergadering van die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap ("die Genootskap") op Donderdag 11 Maart 1999 om 10.30 vm. by Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands, Kaapstad, Wes-Kaap, Suid-Afrika gehou word om die volgende besluit te oorweeg en, indien dit as geskik beskou word, te aanvaar:

Dat:

(a) die skema vir demutualisering van die Genootskap, by hierdie vergadering ter tafel gelê en uiteengesit in "Die Demutualiseringsvoorstel", goedgekeur word; en

(b) die Direksie van die Genootskap gemagtig word om sodanige stappe te doen as wat die Direksie nodig of wenslik ag om uitvoering aan hierdie skema te gee, insluitende enige geregtelike stappe in enige hof in verband hiermee.

"Die Demutualiseringsvoorstel" is voorts opgesom en by hierdie Kennisgewing van die Buitengewone Algemene Vergadering aangeheg.

Namens die Direksie.

Mike Levett, Voorsitter.

Dick Goss, Ondervoorsitter.

27 Januarie 1999.

In Augustus 1997 het die Direksie sy beginselbesluit aangekondig dat Ou Mutual behoort te demutualiseer en noteer, onderhewig aan die goedkeuring van lede en die toepaslike owerhede. 'n Boekie waarin die demutualiseringsvoorstel uiteengesit word, is opgestel en word tans aan sowat 3.2 miljoen lede gestuur, wat nou die geleentheid het om oor die Voorstel te stem.

Kwalifiserende lede behoort 'n geel koevert te ontvang wat die volgende bevat:

- 'n boekie getiteld "Die Demutualiseringsvoorstel";
- 'n Opgawe van Aandeletoekenning; en
- 'n Stembrief.

Lede word aangemoedig om, nadat hulle die dokumente sorgvuldig deurgelees het, die Stembrief in te vul en *onmiddellik* aan Ou Mutual te stuur. Vorms wat ná 3 Maart 1999 by Ou Mutual aankom, kan nie by die stemproses ingesluit word nie.

Kernpunte van die demutualiseringsvoorstel

Die demutualiseringsvoorstel het die volgende oogmerke:

- Om genoeg buigsaamheid te skep sodat Ou Mutual in 'n snel veranderende mededingende omgewing kan groei;
- Om Ou Mutual in staat te stel om, wanneer nodig, op doeltreffende wyse nuwe kapitaal te verkry om sy groei te finansier;
- Om voldoende waarde vir lede te ontsluit; en
- Om sekuriteit vir polishouers te handhaaf.

Die voorstel bevat die volgende kernpunte:

Vir elke hoofland waarin Ou Mutual as 'n genootskap sake doen, sal:

- 'n Lewensversekeringsmaatskappy op die been gebring word.
- Die lewensversekeringsmaatskappy genoeg bates hê om sy verpligtinge ten opsigte van polisvoordele te dek, en bykomende bates hê om sekuriteit te verskaf.
- 'n Voldoende gekapitaliseerde beheermaatskappy die lewensversekeringsmaatskappy en ander finansiële diens-ondernemings besit.
- Beide die beheermaatskappy en die lewensversekeringsmaatskappy in die betrokke land gesetel wees.
- Bates in die betrokke land in daardie land bly.
- Bedrywighede onaangetas bly.
- Die lewensversekeringsmaatskappy deur die land se versekeringsreguleerder en ander owerhede gereguleer word.
- Die bepalings en voorwaardes van polisse onveranderd bly.
- Die sekuriteit en verwagte voordele van lede se polisse beskerm word.

Hierdie struktuur verseker dat:

- Die huidige lewensversekeringsbesigheid in elke land in daardie land gesetel bly.
- Die sekuriteit en verwagte voordele van die polishouers in die verskillende lande beskerm word.

'n Groepbeheermaatskappy sal geskep word:

- Die beheermaatskappye in die betrokke lande sal op hul beurt deur 'n enkele groepbeheermaatskappy, Old Mutual plc, besit word.
- Kwalifiserende lede in elke land sal gratis aandele in Old Mutual plc ontvang.
- Old Mutual plc sal in die Verenigde Koninkryk geïnkorporeer wees.
- Old Mutual plc sal om gelyktydige notering op die aandelebeurse in Johannesburg en Londen, asook dié van Zimbabwe, Namibië en Malawi, aansoek doen.

Deur die groepbeheermaatskappy te skep, kan Ou Mutual op die volgende maniere aan die demutualiseringsvereistes voldoen:

- Kwalifiserende lede in al die lande slaan munt uit die gratis aandeletoekenning in 'n enkele maatskappy.
- Die dubbelnotering van Old Mutual plc in beide Johannesburg en Londen, met bykomende noterings in Zimbabwe, Namibië en Malawi, sal Ou Mutual beter in staat stel om kapitaal te verkry om sy groei in die toekoms te finansier.

- Old Mutual plc moet in die Verenigde Koninkryk geïnkorporeer wees om die maatskappy vir insluiting by die hoofindekse van die Londense Effektebeurs te laat kwalifiseer. Saam met insluiting by die hoofindekse van die Johannesburgse Aandelebeurs, sal dit na verwagting die vraag na die aandele verhoog.
- Hierdie noterings sal ook beteken dat lede in hierdie lande hul aandele met gerief kan verhandel.

Gratis aandele aan kwalifiserende lede toegeken

Kwalifiserende lede van Ou Mutual sal gratis aandele in Old Mutual plc ontvang. Hul aandeletoekenning word soos volg bereken:

- 200 aandele (ongeag die aantal, grootte of soort polisse in die lid se besit), plus
- 1 aandeel per R300 van die aktuarieel berekende waarde van elke polis (winsdelend en nie-winsdelend), plus
- 1 aandeel per R100 van die aktuarieel berekende waarde van die winsdelende gedeelte, indien enige, van elke polis.

Elke aandeletoekenning word dan na bo afgerond tot die volgende veelvoud van 100 aandele.

Die aktuarieel berekende waarde, soos bereken op 31 Desember 1997, is die aktuariële reserwe of rekeningsaldo, wat grootte van betaalde premies en hoe lank polisse van krag is, in ag neem.

Elke kwalifiserende lid se aandeletoekenning word aangedui in die lid se Opgawe van Aandeletoekenning wat by die Demutualiseringsvoorstel ingesluit is.

Geraamde markprys van die gratis aandele

Ou Mutual se finansiële adviseur, Merrill Lynch International, het geraam dat indien Old Mutual plc op 10 Desember 1998 in Johannesburg en Londen genoteer was, sy aandele teen tussen R11 en R14 per aandeel sou verhandel het.

Die prys waarteen die aandele van Old Mutual plc werklik sal verhandel op die dag van notering en daarna, kan verskil van bogenoemde prysspektrum, na gelang van omstandighede op daardie tydstip.

Bevestiging van lede se besonderhede

Alle kwalifiserende lede moet seker maak dat hul persoonlike besonderhede met Ou Mutual bevestig en bygewerk is, om die gratis aandele wat aan hulle toegeken is, te kan ontvang. Besonderhede kan verander of bevestig word deur die Demutualisering-inligtingsentrum te skakel.

Aandele toegeken aan werknemers

Ter erkenning van hul bydrae tot die Ou Mutual Groep, en die belangrikheid van hul rol in die toekoms, sal kwalifiserende werknemers tydens demutualisering elk 300 gratis aandele ontvang. Kwalifiserende werknemers sluit onder andere die direkteure van die Genootskap en die Hoofaktuaris uit.

Die totale getal gratis aandele wat aan kwalifiserende werknemers toegeken word, sal sowat 0.5% van die totale gratis aandeletoekenning aan kwalifiserende lede beloop.

Aandele toegeken aan die Ou Mutual Stigtings

Aandele sal ook toegeken word aan Ou Mutual Stigtings wat in Bermuda, Malawi, Namibië, Suid-Afrika en Zimbabwe op die been gebring sal word. Hierdie aandele sal ekwivalent wees aan sowat 3% van die gratis aandele wat aan kwalifiserende lede toegeken word.

Die Stigtings sal verantwoordelik wees vir Ou Mutual se skenkings- en sosiale verantwoordelikheidsprogram vir die betrokke gebied. Hierbenewens sal die Stigtings, in die gebiede waar dit van toepassing is, die demutualiseringsheffing betaal deur 'n deel van die aandele wat aan hulle toegeken is, te verkoop. Lede behoort dus nie self regstreeks vir die heffing aanspreeklik te wees nie.

Koste van demutualisering

Die geraamde koste van demutualisering en notering is R700 miljoen, wat neerkom op ongeveer R0,23 per aandeel. Hierbenewens sal Ou Mutual koste aangaan ten opsigte van aandele wat tydens notering namens kwalifiserende lede verkoop word. Die koste van demutualisering en notering word as redelik beskou in vergelyking met die voordele wat lede ontvang.

Nodige goedkeuring

Die voorstel moet deur minstens 75% van die uitgebragte stemme van lede, en deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika goedgekeur word, voordat demutualisering geïmplementeer kan word. Hierbenewens moet die oordrag van ondernemings deur onderskeidelik die hof in Bermuda, die Registrateur van Versekering in Namibië, en die Ministers van Finansies in Malawi en Zimbabwe goedgekeur word, voordat die voorstel in die betrokke gebied bekragtig kan word.

Die Direkteur van Versekering in Guernsey en die Kommissaris van Versekering in Hongkong sal ook om goedkeuring genader word.

Die Direksie se aanbeveling

Die Direksie van Ou Mutual is oortuig dat die voorstel om te demutualiseer in die beste belang is van Ou Mutual én sy lede.

Daarom beveel die Direksie eenparig aan dat lede "ja" stem op die voorstel.

Buitengewone Algemene Vergadering en Stemming

'n Buitengewone Algemene Vergadering (BAV) sal op Donderdag 11 Maart 1999 in Kaapstad gehou word om lede se goedkeuring te vra vir die voorstel om te demutualiseer.

Die meeste lede sal na verwagting stem deur die Voorsitter as 'n verteenwoordiger (gevolmagtigde) aan te wys om namens hulle en volgens hul opdrag te stem, deur hul Stembrief in te vul, te teken en te pos om Ou Mutual voor of op 3 Maart 1999 te bereik.

Lede wat persoonlik wil stem, moet die BAV bywoon. In so 'n geval word hulle versoek om die Demutualisering-inligtingsentrum te skakel om 'n plek te bespreek.

Nie-kwalifiserende lede

Lede wat nie vir 'n gratis aandeletoekenning kwalifiseer nie, word genooi om die Demutualisering-inligtingsentrum te skakel indien hulle 'n eksemplaar van die Demutualiseringsvoorstel en 'n Stembrief wil ontvang.

Dokumente ter insae beskikbaar

Kopieë van die volgende dokumente is ter insae beskikbaar tot tien dae voor die aanhoor van die aansoek in die Hooggeregshof van Suid-Afrika: die skemadokument vir die demutualisering; die omvattende verslag van die Hoofaktuaris; die omvattende verslag van die Onafhanklike Aktuaris; gepubliseerde en aanvullende finansiële inligting; verslag deur Tillinghast-Towers Perrin oor die pro forma ingeslote waarde van die ou Mutual Groep; brief van Merrill Lynch International oor die waardasie van Old Mutual plc se aandele; Onafhanklike Rekenmeesters se verslag aan Old Mutual plc, die akte van oprigting en statute van Old Mutual plc en van die lewensversekeringsmaatskappye.

Lede moet die Demutualisering-inligtingsentrum skakel vir besonderhede oor die plekke waar hierdie dokumente ter insae beskikbaar is.

Tydrooster

Die beplande tydrooster vir demutualisering en notering is soos volg:

Sperdatum vir die ontvangs van Stembriewe: 3 Maart 1999.

Buitengewone Algemene Vergadering: 11 Maart 1999.

Aanhoor deur Hooggeregshof (Suid-Afrika): Maart/April 1999.

Beoogde notering: Middel 1999, onderhewig aan marktoestande.

Demutualisering-inligtingsentrum

Individue: 0800 60 9000

Organisasies: 0800 00 1313

Internasionaal: +27.21.504 8107

Maadag tot Vrydag: 7 vm.–8 nm.

Saterdag: 8 vm.–1 nm.

Adverteerde en adres: Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap, Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands, 7405. Republiek van Suid-Afrika.

Datum en tel. nr.: Januarie 1999 (021) 509-2412.

SOUTH AFRICAN MUTUAL LIFE ASSURANCE SOCIETY

("the Society")

DEMUTUALISATION

NOTICE IN TERMS OF SECTION 25 OF THE INSURANCE ACT, No. 27 OF 1943

A. Parties to the Scheme

This notice is given by the following parties:

1. The South African Mutual Life Assurance Society,
2. Old Mutual plc,
3. Laudum (No. 2) Limited,
4. Old Mutual (Netherlands) B.V.,
5. Old Mutual (South Africa) Limited,
6. Old Mutual Life Holdings (South Africa) Limited,
7. Old Mutual Asset Managers Holdings (Bermuda) Limited,

8. Fairbairn Investment Holdings (S.A.) (Proprietary) Limited,
9. Fairbairn Holdings Limited,
10. Old Mutual Holdings (Namibia) (Proprietary) Limited,
11. Old Mutual Life Assurance Company (Namibia) Limited,
12. Old Mutual Zimbabwe Limited,
13. Old Mutual Investment Corporation (Private) Limited,
14. Old Mutual (Malawi) Limited,
15. Old Mutual Life Assurance Company (Malawi) Limited,
16. Old Mutual Life Assurance Company (Bermuda) Limited,
17. Old Mutual Group Limited,
18. Timothy Nicholas Clark and Glen William James.

("the parties")

B. Nature of the Scheme

The parties have entered into a combination of transactions which together constitute a scheme for the purposes of the demutualisation of the Society ("the scheme"). The demutualisation of the Society will be effected as part of an overall restructure of the Society and its various corporate holdings internationally.

The scheme is designed to ensure that the rights and reasonable benefit expectations of policyholders of the Society are fully protected while, insofar as the law of relevant jurisdictions permits, qualifying members are able, by an equitable allocation of shares free of charge, to become shareholders in a new holding company (Old Mutual plc) owning through subsidiaries the entire beneficial interest in the restructured group. Free shares will also be issued to eligible employees and certain retired employees as well as to charitable Foundations to promote the interests of the Old Mutual Group.

It is intended that Old Mutual plc, a company incorporated under the laws of the United Kingdom, will in due course be listed on the London, Johannesburg and other stock exchanges.

Key features of the scheme are:

1. Conversion of the Society to a company

The Society will be converted from a mutual life insurance company incorporated in terms of the South African Mutual Life Assurance Society (Private) Act, No. 52 of 1966 (as amended), into a public company having a share capital and incorporated under the Companies Act, No 61 of 1973. It is proposed to name this company Old Mutual Life Assurance Company (South Africa) Limited ("Old Mutual Life").

2. Changes in organisation

The Society's life assurance businesses in Bermuda, Malawi, Namibia, South Africa and Zimbabwe will in future be conducted by an Old Mutual life assurance company in each of these territories. Other than in the case of South Africa, this will entail the transfer of the relevant life assurance business to the company concerned. In South Africa the same object will be achieved by converting the Society to a company. The Guernsey and Hong Kong life assurance businesses will remain branches of this company after conversion.

Assets surplus to the reasonable requirements of the life assurance businesses, as certified by the Chief Actuary, will be transferred (except in the case of Bermuda) to wholly-owned holding companies within the Old Mutual Group.

3. Security of existing policies

All policies will remain secure and the benefits from existing policies will not be reduced.

4. Allocation of free shares

The shares in Old Mutual plc, the holding company at the head of the Group, will be issued free of charge and will be entirely separate from, and in addition to, the policies.

Upon implementation of the scheme, membership in the Society will cease.

C. The Special General Meeting

The proposed scheme will be submitted to a Special General Meeting of the Society on 11 March 1999 for approval by the members. The scheme is conditional upon obtaining the support of at least 75% of votes of members voting in person, or by proxy by means of voting forms distributed by post prior to the meeting.

D. Application to Court

The parties intend to apply in terms of section 25 of the Insurance Act, No 27 of 1943, to the Cape of Good Hope Provincial Division of the High Court of South Africa, Keerom Street, Cape Town at 10:00 am on 24 March 1999, or as soon thereafter as the matter may be heard, for confirmation of the transactions comprising the scheme as proposed, or with such modifications as the Court may think fit to make, as contemplated in the said section 25.

In terms of the South African Insurance Act No. 27 of 1943, the Registrar of Insurance and any owner of a policy, shareholder or creditor affected or likely to be affected by the scheme shall be entitled to appear and to be heard on the aforesaid application and may make application to the said Court on any matter in connection with the scheme.

E. Documents to lie for inspection

Documents specified hereunder will be made available for inspection, free of charge, to every owner of a policy in the Society, and to every shareholder and creditor of any business under any of the parties' control to which the scheme relates, throughout the period from 18 February 1999 until 15 March 1999, both dates included, at Mutualpark, Jan Smuts Drive, Pinelands, Western Cape, which is the head office of every party which has a principal or head office in South Africa:

1. The proposed scheme for the demutualisation of the Society, together with the following annexures:

1.1 Appendix 1: Parties to the scheme;

1.2 Appendix 2: Draft resolution to be tabled at the Special General Meeting of the Society to be held on 11 March 1999;

1.3 Appendix 3: Draft trust deed for Dividend Access Trusts;

1.4 Appendix 4: Draft Share Sale Agreement between T.N. Clark, G.W. James and Old Mutual plc;

1.5 Appendix 5: The share allocation rules for the allocation of free shares in Old Mutual plc;

1.6 Appendix 6: Draft trust deed of the Realisation Trust, a trust to be established by Old Mutual plc in implementing the scheme;

1.7 Appendix 7: Draft trust deed for trusts to hold unclaimed shares to be established by Old Mutual plc in Bermuda, South Africa, Namibia, Malawi and Zimbabwe;

1.8 Appendix 8: Draft trust deed for Old Mutual Foundations;

1.9 Appendix 9: Documents required by the Registrar of Insurance to be annexed to the scheme.

2. The Proposal to Members containing, *inter alia*, the following:

2.1 the recommendation by the Society's Board of Directors;

2.2 abridged information regarding the effect of the proposal on policyholders, the allocation of free shares and their estimated value, the change in structure of the Old Mutual Group, the Special General Meeting of Members and voting;

2.3 the Chief Actuary's report and the Independent Actuary's report;

2.4 a report by Merrill Lynch regarding the estimated projected value of the shares in Old Mutual plc;

2.5 a report by Tillinghast-Towers Perrin on the pro forma embedded value of the Old Mutual Group.

3. The comprehensive report of the Independent Actuary, M. Arnold, Fellow of the Institute of actuaries, of Hymans Robertson.

4. The comprehensive report of the Chief Actuary of the Society, T.E. Hartwig, Fellow of the Institute of Actuaries, FASSA, including the Principles of Financial Management.

5. The audited financial statements of the Society for the financial year ended 30 June 1998.

6. The Independent Accountant's report to Old Mutual plc by KPMG Audit plc.

7. The proposed memoranda and articles of association of Old Mutual plc and the life assurance companies.

8. The South African Mutual Life Assurance Society (Private) Act, No 52 of 1966 (as amended), and Bye-laws.

Copies of the above-mentioned documents may also be inspected throughout the aforementioned period, free of charge, at the offices of Old Mutual at the following addresses:

Burmuda
Washington Mall Phase 11
4th Floor
22 Church Street
Hamilton
Bermuda

Guernsey
Fairbairn House
Rohais
St. Peter Port
Guernsey
Channel Islands

Hong Kong
50/F Sun Hung Kai Centre
30 Harbour Road
Wanchai
Hong Kong

Malawi
Old Mutual Building
Glyn Jones Road
Blantyre
Malawi

Namibië
Mutual Platz
5th Floor
Post Street Mall
Windhoek
Namibia

United Kingdom
Old Mutual Asset Managers
5th Floor
80 Cheapside
London

South Africa

Bloemfontein:
Old Mutual Building
2nd Floor
Hamelberg Street
Bloemfontein

Cape Town:
Mutualpark
Jan Smuts Drive
Pinelands
Cape Town

Durban:
Old Mutual Centre
19th Floor
303 West Street
Durban

East London:
Caxton House
10th Floor
Terminus Street
East London

Johannesburg:
"1066"
4th Floor
35 Pritchard Street
Johannesburg

Mmabatho;
Old Mutual Building
127 Provident Street
Unit 4
Mmabatho CBD
Mmabatho

Nelspruit:
Mutual Place
17 Louis Trichardt Street
Nelspruit

Upington:
Mutual Building
32 Schroder Street
Upington

Port Elizabeth:
Old Mutual Building
9th Floor
64 Govan Mbeki Avenue
Port Elizabeth

Pretoria:
Pretoria Regional Office
1st Floor, C Block
536 Schoeman Street
Pretoria

Pietersburg:
Old Mutual Building
1st Floor
78 Hans Van Rensburg Street
Pietersburg

Zimbabwe

Bulawayo:
Old Mutual Centre
2nd Floor
8th Avenue/Jason Moyo Street
Bulawayo

Harare:
Mutual Gardens
100 The Chase (West)
Emerald Hill
Harare

Dated at Pinelands on 27 January 1999.

By Order of the Board.—M. J. Levett, Chairman.

Advertiser and Address: South African Mutual Life Assurance Society, Mutualpark, Jan Smuts Drive, Pinelands, 7405, Republic of South Africa.

Date and Tel. No.: January 1999 (021) 509-2412.

Date of Publication: Publish in Government Gazette on 05.02.99.

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP

("die Genootskap")

DEMUTUALISERING

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 25 VAN DIE VERSEKERINGSWET, Nr 27 VAN 1943

A. Partye tot die Skema

Die partye verantwoordelik vir hierdie kennisgewing is:

1. Die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap,
2. Old Mutual plc,
3. Laudum (No. 2) Limited,
4. Old Mutual (Netherlands) B.V.,
5. Ou Mutual (Suid-Afrika) Beperk,
6. Ou Mutual Lewens Beherend (Suid-Afrika) Beperk,
7. Old Mutual Asset Managers Holdings (Bermuda) Limited,
8. Fairbairn Investment Holdings (S.A.) (Proprietary) Limited,
9. Fairbairn Holdings Limited,
10. Old Mutual Holdings (Namibia) (Proprietary) Limited,

11. Old Mutual Life Assurance Company (Namibia) Limited,
12. Old Mutual Zimbabwe Limited,
13. Old Mutual Investment Corporation (Private) Limited,
14. Old Mutual (Malawi) Limited,
15. Old Mutual Life Assurance Company (Malawi) Limited,
16. Old Mutual Life Assurance Company (Bermuda) Limited,
17. Old Mutual Group Limited,
18. Timothy Nicholas Clark and Glen William James.

("die partye")

B. Aard van die Skema

Die partye het verskeie transaksies aangegaan wat saam 'n skema vir die doeleindes van die demutualisering van die Genootskap uitmaak ("die skema"). Die demutualisering van die Genootskap sal bewerkstellig word as deel van 'n algehele herstrukturering van die Genootskap en sy maatskappye wêreldwyd.

Die skema is ontwerp om te verseker dat polishouers van die Genootskap se regte en redelike voordeelverwagtinge ten volle beskerm word terwyl, vir sover die wette van die betrokke jurisdiksies dit toelaat, kwalifiserende lede in staat sal wees om, deur 'n billike toewysing van gratis aandele, aandeelhouers te word in 'n nuwe beheermaatskappy (Old Mutual plc) wat deur filiale die totale voordelige belang in die herstruktureerde groep besit. Gratis aandele sal ook uitgereik word aan werknemers wat in aanmerking kom en sekere afgetrede werknemers sowel as aan liefdadigheidstigtings om die belange van die Ou Mutual Groep te bevorder.

Die voorneme is dat Old Mutual plc, 'n maatskappy wat ingevolge die reg in die Verenigde Koninkryk geïnkorporeer is, mettertyd op die Londense, Johannesburgse en ander aandelebeurse genoteer sal word.

Sleutelkenmerke van die skema is:

1. Omskepping van die Genootskap in 'n maatskappy

Die Genootskap sal omskep word van 'n onderlinge lewensversekeringsgenootskap, geïnkorporeer kragtens die Private Wet op die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap, Nr 52 van 1966 (soos gewysig), in 'n publieke maatskappy met 'n aandelekapitaal en geïnkorporeer kragtens die Maatskappywet, Nr 61 van 1973. Die voorstel is om hierdie maatskappy Ou Mutual Lewensversekeringsmaatskappy (Suid-Afrika) Beperk ("Ou Mutual Lewens") te noem.

2. Veranderinge in organisasie

Die Genootskap se lewensversekeringsbesighede in Bermuda, Malawi, Namibië, Suid-Afrika en Zimbabwe sal in die toekoms in elkeen van hierdie gebiede deur 'n Ou Mutual lewensversekeringsmaatskappy bestuur word. Anders as in die geval van Suid-Afrika, sal dit die oordrag van die betrokke lewensversekeringsbesigheid na die betrokke maatskappy behels. In Suid-Afrika sal dieselfde doel bereik word deur die Genootskap in 'n maatskappy te omskep. Die Guernsey en Hongkong lewensversekeringsbesighede sal ná die omskepping takke van dié maatskappy bly.

Bates wat die redelike behoeftes van die lewensversekeringsbesighede, soos gesertifiseer deur die Hoofaktuaris, oorskry, sal (behalwe in die geval van Bermuda) oorgedra word na volfiliaal-beheermaatskappye binne die Ou Mutual Groep.

3. Sekuriteit van bestaande polisse

Alle polisse sal veilig bly en die voordele van bestaande polisse sal nie verminder word nie.

4. Toewysing van gratis aandele

Die aandele in Old Mutual plc, die beheermaatskappy aan die hoof van die Groep, sal gratis uitgereik word en sal geheel en al afsonderlik van, en bykomend tot, die polisse wees.

By die implementering van die skema, sal lidmaatskap van die Genootskap beëindig word.

C. Die Buitengewone Algemene Vergadering

Die voorgestelde skema sal aan 'n Buitengewone Algemene Vergadering van die Genooskap op 11 Maart 1999 voorgelê word vir goedkeuring deur die lede. Die skema is onderhewig aan die steun van minstens 75% van die stemme deur lede uitgebring, hetsy persoonlik of by volmag by wyse van stembriewe wat voor die vergadering per pos gestuur word.

D. Aansoek by die Hof

Die partye is van voorneme om op 24 Maart 1999 om 10:00, of so vroeg moontlik daarna as wat die saak kan dien, kragtens artikel 25 van die Versekeringswet, Nr 27 van 1943, by die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Keerom straat, Kaapstad, aansoek te doen vir bekragtiging van die transaksies wat die skema uitmaak soos dit voorgestel is of met sodanige wysigings as wat die Hof na goeddunke aanbring, soos voorsien in genoemde artikel 25.

Kragtens die Suid-Afrikaanse Versekeringswet, Nr 27 van 1943, is die Registrateur van Versekering en enige eienaar van 'n polis, aandeelhouer of krediteur wat deur die skema geraak word of moontlik geraak sal word, geregtig om te verskyn en aangehoor te word oor genoemde aansoek en om by genoemde Hof 'n aansoek te doen ten opsigte van enige aangeleentheid met betrekking tot die skema.

E. Dokumente ter insae

Die dokumente wat hieronder gespesifiseer word, sal vir die tydperk van 18 Februarie 1999 to 15 Maart 1999, albei datums ingesluit, te Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands, Wes-Kaap, wat die geregistreerde kantoor is van elke Suid-Afrikaanse maatskappy wat 'n party is tot hierdie skema, gratis beskikbaar gemaak word vir insae deur enige eienaar van 'n polis in die Genootskap, en elke aandeelhouer en krediteur van enige besigheid onder beheer van enigeen van die partye waarop die skema betrekking het:

1. Die voorgestelde skema vir die demutualisering van die Genootskap, saam met die volgende aanhangsels:

1.1 Aanhangsel 1: Partye tot die skema;

1.2 Aanhangsel 2: Ontwerpvoorstel wat ter tafel gelê sal word by die Buitengewone Algemene Vergadering van die Genootskap wat op 11 Maart 1999 gehou sal word;

1.3 Aanhangsel 3: Konseptrustakte t.o.v. Toegangstrusts vir Dividende;

1.4 Aanhangsel 4: Aandeelverkoopooreenkoms tussen T.N. Clark, G. W. James en Old Mutual plc;

1.5 Aanhangsel 5: Die aandeletoewysingsreëls vir die toewysing van gratis aandele in Old Mutual plc;

1.5 Aanhangsel 6: Konseptrustakte vir die Realisasietrust, 'n trust wat deur Old Mutual plc tot stand gebring sal word om die skema te implementeer;

1.6 Aanhangsel 7: Konseptrustakte vir trusts wat onopgeëiste aandele sal hou en wat deur Old Mutual plc in Bermuda, Suid-Afrika, Namibië, Malawi en Zimbabwe opgerig sal word;

1.7 Aanhangsel 8: Konseptrustakte vir Ou Mutual Stigtings;

1.8 Aanhangsel 9: Dokumente wat volgens die Registrateur van Versekering se vereistes aan die skema geheg moet word.

2. Die Voorstel aan Lede bevat onder andere die volgende:

2.1 die aanbeveling deur die Genootskap se Direksie;

2.2 verkorte inligting met betrekking tot die uitwerking van die voorstel op polishouers, die toewysing van gratis aandele en hul geraamde waarde, die verandering in die struktuur van die Ou Mutual Groep, die buitengewone Algemene Vergadering van Lede en die stemming;

2.3 die Hoofaktuaris se verslag en die Onafhanklike Aktuaris se verslag;

2.4 'n verslag deur Merrill Lynch oor die geskatte geprojekteerde waarde van die aandele in Old Mutual plc;

2.5 'n verslag deur Tillinghast-Towers Perrin oor die pro-forma ingebedde waarde van die Ou Mutual Groep.

3. Die omvattende verslag van die Onafhanklike Aktuaris, M. Arnold, Fellow of the Institute of Actuaries, van Hymans Robertson.

4. Die omvattende verslag van die Hoofaktuaris van die Genootskap, T.E. Hartwig, Fellow of the Institute of Actuaries, FASSA, insluitende die Beginsels van Finansiële Bestuur.

5. Die geouditeerde finansiële state van die Genootskap vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 1998.

6. Die onafhanklike rekenmeester se verslag aan Old Mutual plc deur KPMG Audit plc.

7. Die voorgestelde aktes van oprigting en statute van Old Mutual plc en die lewensversekeringsmaatskappye.

8. Die Private Wet op die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap, Nr 52 van 1996 (soos gewysig), en verordeninge.

Afskrifte van bogenoemde dokumente is ook gratis ter insae oor die hele voormelde tydperk by Ou Mutual se kantore by die volgende adresse beskikbaar:

Burmuda
Washington Mall Phase 11
4de Verdieping
22 Church Street
Hamilton
Bermuda

Guernsey
Fairbairn House
Rohais
St. Peter Port
Guernsey
Channel Islands

Hongkong
50/F Sun Hung Kai Centre
30 Harbour Road
Wanchai
Hongkong

Malawi
Old Mutual Building
Glyn Jones Road
Blantyre
Malawi

Namibië
Mutual Platz
5de Verdieping
Post Streek Mall
Windhoek
Namibia

Verenigde Koningkryk
Old Mutual Asset Managers
5de Verdieping
80 Cheapside
Londen

Suid-Afrika

Bloemfontein:
Ou Mutual Gebou
2de Verdieping
Hamelberg Straat
Bloemfontein

Durban:
Ou Mutual Sentrum
19de Verdieping
West Straat 303
Durban

Johannesburg:
"1066"
4de Verdieping
Pritchard Straat 35
Johannesburg

Nelspruit:
Mutual Place
Louis Trichardt Straat 17
Nelspruit

Port Elizabeth:
Ou Mutual Gebou
9de Verdieping
Govan Mbeki Laan 64
Port Elizabeth

Pietersburg:
Ou Mutual Gebou
1ste Verdieping
Hans Van Rensburg Straat 78
Pietersburg

Kaapstad:
Mutualpark
Jan Smuts Rylaan
Pinelands
Kaapstad

Oos-Londen:
Caxton House
10de Verdieping
Terminus Straat
Oos-Londen

Mmabatho;
Ou Mutual Gebou
Provident Straat 127
Eenheid 4
Mmabatho SSE
Mmabatho

Upington:
Mutual Gebou
Schroder Straat 32
Upington

Pretoria:
Pretoria Streekkantoor
1ste Verdieping, C Blok
Schoeman Straat 536
Pretoria

Zimbabwe

Bulawayo:
Old Mutual Centre
2de Verdieping
8th Avenue/Jason Moyo Street
Bulawayo

Harare:
Mutual Gardens
100 The Chase (West)
Emerald Hill
Harare

Gedateer te Pinelands op 27 Januarie 1999.

Op Las van die Direksie.—M. J. Levett, Voorsitter.

Adverteerder en adres: Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap, Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands, 7405. Republiek van Suid-Afrika.

Datum en tel. nr.: Januarie 1999 (021) 509-2412.

Datum van publikasie: Publiseer in die Staatskoerant op 05.02.99.

ORANGE FREE STATE
ORANJE-VRYSTAAT

130 FIELD STREET PROPERTIES (PTY) LTD

At a meeting held on 31 October 1998, the following resolution was passed:

"It was therefore resolved that the Company be liquidated by process of a members' voluntary winding up in terms of section 350 of the Companies Act No. 61 of 1973 and that **Hussun Abdool Khalek Omar** be and he is hereby appointed Liquidator with all such powers and authorities as are allowed by law and, without prejudice to the generality of the foregoing, particularly with the following powers, namely:

(a) to take upon himself and assume all of those powers conferred upon a Liquidator by section 386 of the Companies Act No. 61 of 1973, including the special powers referred to by sub-section 4 of that section;

(b) to sign any and all documents for an on behalf of the company, including such documents as may be necessary for the passing of transfer of the company's assets;

(c) to do all such other acts, matters and things as maybe necessary for the proper carrying out of any of the above powers or for completing the business of the company and the beneficial winding up thereof with power to delegate his authority from time to time to some other person or persons;

(d) to dispense with the lodging of any security by the Liquidator to the Master of the Supreme Court for the due performance of his duties in terms of the provisions of section 375 (1) of the Companies Act No. 61 of 1973;

(e) to determine that the remuneration of the Liquidator shall be calculated in accordance with the scale of professional fees charges by Omar & Paruk.

(f) to destroy the books, papers and records of the company six months after the issue by the Master of the Supreme Court of the certificate in terms of section 419 (1) of the companies Act 1973.

LIQUIDATOR'S AND OTHER APPOINTEES' NOTICES

Notices by liquidators and other appointees such as executors, judicial managers, trustees, curators or tutors, of appointments, meetings, accounts, claims, leave of absence, releases, etc.

LIKWIDATEURS EN ANDER AANGESTELDES SE KENNISGEWINGS

Kennisgewings deur likwidateurs en ander aangesteldes soos eksekuteurs, geregtelike bestuurders, trustees, kurators of voogde, van aanstellings, vergaderings, rekeninge, eise, verlof, vrystellings, ens.

TRANSVAAL

N. A. VENTER CC

(Reg. No. CK85/11508/23)

(Estate No. T3869/98)

SERTIKAAT VAN AANSTELLING VAN LIKWIDATEUR(S)/LIKWIDATEUR(S)/VOORLOPIGE GEREGTELIKE BESTUURDER/GERGTELIKE BESTUURDER

Hierby word gesertifiseer dat Nicolaas Alec Brink, vir Deloitte & Touche, Posbus 27, Nelspruit, 1200, aangestel is as Likwidateur met die magte soos uiteengesit in Artikel 350 (3) van Wet No. 61 van 1973 van die Beslote Korporasie bekend as N. A. Venter CC (Reg. No. CK85/11508/23) wat onder Likwidasie geplaas is op Bevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika Afdeling/Landdroshof vir die distrik deur Spesiale Besluit geregistreer op 2 Desember 1998.

Geteken op Pretoria op hierdie 11de dag van Januarie 1999.

Margaret Eunice Raubenheimer, Asst. Meester van die Hooggeregshof, Commissioner of Oaths, Practising Chartered Accountant, Suite 501, The Pinnacle, 1 Parkin Street, Nelspruit, 1200. (Ref. 9/1/8/2 Nelspruit 29/7/98.)

MARANI VAN ROOYEN INCORPORATED

(Master's Reference No. T2038/98)

(Creditors voluntary liquidation in terms of section 351, of the Companies Act)

Notice is hereby given in terms of section 375 (5) (b) of the Companies Act that André Johan Hessels has been appointed by the Master of the High Court as Liquidator of the undermentioned Company, which was wound up as a Creditor's Voluntary winding up.

Marani van Rooyen Incorporated, Master's Certificate of Appointment No. T2038/98 dated 2 December 1998.

A. J. Hessels, Liquidator, in c/o André Hessels Trustees, P.O. Box 26065, Monumentpark, 0105.

BENT-ON-FARMING (PTY) LIMITED

(Master's Reference No. T3101/97)

(In Creditor's voluntary liquidation)

I, Gert Hendrik Johan Venter, c/o Maurice Schwartz Venter and Associates (Pty) Limited, do hereby give notice in terms of section 375 (5) (b) of the Companies Act, No. 61 of 1973, as amended, that on 27 October 1997, I was appointed Liquidator of Bent-On-Farming (Pty) Limited, in Creditor's voluntary liquidation by the Master of the High Court, Pretoria (Estate No. T3101/97.)

Maurice Schwartz Venter & Associates (Pty) Limited, P.O. Box 1474, Johannesburg, 2000. [Tel. (011) 482-2106.]

ORDERS OF THE COURT • ORDERS VAN DIE HOF

Transvaal Provincial Division, Pretoria
Transvaalse Provinsiale Afdeling, Pretoria

Saak No. 27400/98

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

Pretoria, 19 Januarie 1999, voor sy Edele Regter Van Dijkhorst

In die saak tussen STRAUSS PIETER-THOMAS HEIGERS, Identiteitsnommer 6909015197086, Eerste Applikant, en TANJA HEIGERS, gebore Pretorius, Identiteitsnommer 7409030090084, Tweede Applikant

Na aanhoor van die Regsverteenwoordiger namens die Applikant en na deurlees van die dokumente en ander stukke geliasseer:

Word Gelas:

1. Dat 'n bevel *nisi* hierby uitgereik word waarvan die krediteure van die Applikante opgeroep word om redes, indien enige, voor hierdie Hof aan te voer op 16 Februarie 1999 om 10:00, waarom daar nie soos volg beveel sal word nie:

1.1 Dat verlof aan die Applikante verleen word ingevolge artikel 21 (1) van Wet No. 88 van 1984, om die huweliksgoederebedeling tussen hulle te wysig deur die aangaan en registrasie van 'n notariële akte, soos uiteengesit in aanhangsel "D" tot die funderende eedsverklaring tot hierdie aansoek, en welke akte na registrasie daarvan die huweliksgoederebedeling tussen die Applikante sal reël.

1.2 Dat die Registrateur van Aktes gemagtig word om die genoemde notariële akte te registreer.

1.3 Dat hierdie bevel:

1.3.1 Sal verval indien die genoemde notariële akte nie geregistreer word binne twee maande nadat hierdie bevel bekragtig is nie; en

1.3.2 nie die bestaande regte van enige krediteur van die Applikante, soos op datum van registrasie van die genoemde notariële akte, sal benadeel of beperk nie.

2. Dat die bevel *nisi* per geregistreerde pos versend sal word aan alle bekende krediteure van die Applikante.

3. Dat die bevel *nisi* een keer in die *Staatskoerant* en een keer in die *Beeld* gepubliseer sal word.

4. Dat die Applikante gesamentlik en afsonderlik gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal, tensy geopponeerd.

Deur die Hof.—Griffier.

301 Maree.

Saak No. 812/99

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

In die saak tussen JOHN STEPHEN HILL, Applikant, en JOHN HILL KONSTRUKSIE BK, vir die likwidasie van die Respondent, Respondent

Na deurlees van die stukke en aanhoor van die advokaat vir die Applikant, word die volgende bevel van die Hof gemaak:

1. Die Respondent, John Hill Konstruksie BK, word hiermee in voorlopige likwidasie geplaas.

2. Enige belanghebbende persoon wat so verkies, word opgeroep om op 2 Maart 1999 om 10:00, te verskyn om redes, indien enige, aan te voer waarom die Respondent nie onder finale likwidasie geplaas moet word nie.

3. 'n Afskrif van hierdie bevel moet onverwyld op die Respondent by sy geregistreerde kantoor beteken word en eenmaal in die *Staatskoerant* en *Beeld* gepubliseer word.

4. Kennisgewing van hierdie bevel moet sonder versuim per geregistreerde pos aan alle bekende krediteure van die Respondent versend word.

Op las van die Hof.—Griffier.

ORDERS OF THE COURT (continued) • ORDERS VAN DIE HOF (vervolg)

Saak No. 348/99

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

Pretoria, 12 Januarie 1999, voor sy Edele Regter Mynhardt

In die aansoek van FORT CRYSTAL INVESTMENT (EIENDOMS) BEPERK (Reg. No. 96/12794/07), geregistreerde adres: Charlesstraat 509, Menlo Park, Pretoria, Applikant

Na aanhoor van die Regsverteenwoordiger namens die Applikant en na deurlees van die kennisgewing van mosie en ander dokumente geliasseer:

Word Gelas:

1. Dat die bogemelde Applikant Maatskappy hierby in voorlopige likwidasie geplaas word.

2. Dat 'n bevel *nisi* hierby uitgereik word wat alle belanghebbende persone oproep om redes, indien enige, voor hierdie Hof aan te voer op 9 Februarie 1999 om 10:00, waarom die Applikant Maatskappy nie onder finale likwidasie geplaas sal word nie.

3. Dat betekening van hierdie bevel *nisi* geskied aan die Applikant Maatskappy by sy geregistreerde kantoor en onverwyld eenmaal gepubliseer word in die *Staatskoerant* en die *Citizen.*

Kennis aan bekende krediteure per geregistreerde pos.

Deur die Hof.—Griffier.

16 Herman Vermaak, Posbus 6660, Pretoria.

Case No. 10276/98

IN THE MAGISTRATE'S COURT FOR THE DISTRICT OF BENONI HELD AT BENONI

In the matter between GLEN KEITH GILCHRIST, Applicant, and POWER SYSTEMS PLUS CC, of 21 Ewing Street, Rynfield, Benoni, Respondent

On 25 November 1998, before me, **Mrs M. Parsons,** Magistrate, Benoni, appeared **Mr A Coetzee** for Applicant and hands in notice of Application for a provisional liquidation order against the Respondent

Upon consideration of the Application:

It is Ordered:

1. That Respondent be placed under provisional liquidation under the control of the Master of the High Court.

2. That a rule *nisi* do issue calling upon the Respondent and all persons concerned to show cause to this Court on 13 January 1999 at 08:30, or as soon thereafter as the matter can be heard, why the Respondent should not be placed under final liquidation.

3. That a copy of this rule *nisi* be served on the Respondent at its registered office reflected above and be published forthwith once in the *Government Gazette* and in a Witwatersrand daily newspaper.

4. Upon consideration of the rule *nisi* on 13 January 1999, the Magistrate extended that rule *nisi* to 10 February 1999 in order to give notice of the Provisional Order in the *Government Gazette* and an Witwatersrand daily newspaper as required for the final order to be granted.

By Order Magistrate, M. Parson, Magistrate, Benoni.

Case No. 26862/98

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Transvaal Provincial Division)

Pretoria, 19 January 1999, before the Honourable Mr Justice Van Dijkhorst

In the matter between EVANGELOS PAPAGEORGIO, Identity Number 6611065168005, First Applicant, and APHRODITE STYLIANOU PAPAGEORGIOU, born Leoni, Identity Number 7404070185084, Second Applicant

Having heard counsel for the Applicant and having read the documents filed of record:

It is Ordered:

1. That a rule *nisi* do issue calling upon all interested persons to appear and show cause, if any, before the Court on 16 February 1999 at 10:00, why an order in the following terms shall not be made:

ORDERS OF THE COURT (continued) • ORDERS VAN DIE HOF (vervolg)

1.1 That the Applicants are granted leave in terms of section 21 (1) of Act No. 88 of 1984, to change the matrimonial property regime which regulates their marriage, by the execution and registration of a notarial conract, a draft whereof is annexed to the First Applicant's founding affidavit, marked annexure "A" and which contract, after registration thereof, will regulate their property system.

1.2 That the Register of Deeds be authorized to registered the notarial contract.

1.3 This Order:

1.3.1 Will lapse if the notarial contract is not registered within 3 (three) months of the date of the granting of this Order; and

1.3.2 will not prejudice the rights of any creditor(s) of the Applicants as at the date of the registration of the contract.

1.4 Publication in *Government Gazette* and *Pretoria News*.

1.5 Notice to creditors by registered post.

By the Court.—Registrar.

224 Goodman. E. le Roux.

Saak No. 800/99

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK RUSTENBURG GEHOU TE RUSTENBURG

In die saak tussen HENDRIK JACOBUS BOTHA, Applikant, en PAARDEKRAAL SANDPLAAS BK (Reg. No. CK94/17302/23), Respondent

Na aanhoor van die prokureur namens Applikant en na deurlees van die kennisgewing van aansoek en ander dokumente geliaseer:

Word Gelas:

1. Dat die bogemelde Respondent Beslote Korporasie hierin in voorlopige likwidasie geplaas word.

2. Dat 'n bevel *nisi* uitgereik word wat alle belanghebbende persone asook Respondent om redes, indien enige, voor hierdie Hof aan te voer op 17 Februarie 1999 om 09:00, waarom die Respondent Beslote Korporasie nie onder finale likwidasie geplaas sal word nie.

3. Dat betekening van hierdie bevel *nisi* geskied aan die Respondent Beslote Korporasie by sy vernaamste plek van besigheid en onverwyld eenmaal gepubliseer word in die *Staatskoerant* en *Rustenburg Herout*.

4. Dat 'n afskrif van die Reël *nisi* beteken word op alle bekende skuldeisers per geregistreerde pos.

5. Dat alle koste van die likwidasie, koste in die aansoek is.

6. Verdere en/of alternatiewe regshulp.

Landdros, Rustenburg.

Saak No. 32355/98

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

Pretoria, 12 Januarie 1999, voor sy Edele Regter Mynhardt

